

## Personeelkamer Opening

60. Hoe groen is jou swembad?

**Geskryf deur: Benescke Janse van Rensburg**

Ons het 'n opslaanswembad vir die kinders by die huis. Om die water skoon te hou, is 'n drywende houertjie met chloor nodig. Dit werk goed. In Desember was ons vir drie weke weg en die swembadwater was steeds skoon toe ons terugkom.

Gisteroggend staan ek geskok voor 'n grasgroen swembad. Dit het nog nooit gebeur nie. Ek gaan koop dadelik die grootste chloorhouer in die winkel en sit dit in die water saam met die ou een wat steeds vol lyk.

Vanoggend is die swembad nóg groener. Met nadere ondersoek besef ek dat die ou chloorhouer toe eintlik dolleeg was. Ook dat die nuwe chloorhouer nooit oopgedraai was nie. Alhoewel die houer in die swembad was, met die potensiaal om die kieme dood te maak, kon niks gebeur nie. Ons moes die water vervang.

Dié ervaring het my laat dink aan die rol van God se Woord in ons lewens. Dit is soos die chloor. Dit word die spieël waarin ons die “kieme” in ons lewens identifiseer. Dit bemagtig ons om daarvan weg te stap.

Wanneer die Bybel langs ons bed of in die boekrak lê, maar dit word nooit oopmaak nie, is dit soos die ongeopende chloorhouer in die groen swembad. Die potensiaal is daar om ons rein te hou, maar dit kan nie die werk doen wat dit veronderstel is om te doen nie.

In Psalm 139:23-24 vra die Psalmdigter God om sy hart te deursoek, om die “kieme” of groen alge uit te wys sodat hy ontslae kan raak daarvan. Hy ken die krag van die Woord.

In Hebreërs 4:12-13 lees ons: “Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.”

Hoe groen is “jou swembad”? Kom ons draai die “chloorhouer oop” en sit dit in die water.

Hierdie pratige stukkie is deur Benescke Janse van Rensburg geskryf. Volg gerus die skakel na haar Facebook groep: Stories van Hoop <https://www.facebook.com/storiesvanhoop>, waar jy nog baie inspirerende stories van Hoop sal vind.